

Skriflesing: Markus 13:14-27Teks: **Markus 13:14-18**Sing- **VOORAF- Ps. 84:1,6****TYDENS DIENS – Ps. 98:1,4; Ps. 125: 1,4,5; Ps. 116:1,5; Sb. 15-8 (44): 4,5****Markus 13:14-27**

Mar 13:14 En wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan waar dit nie behoort nie—laat hom wat lees, oplet—dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug;

Mar 13:15 en wie op die dak is, moet nie afkom in die huis en ook nie ingaan om iets uit sy huis weg te neem nie;

Mar 13:16 en wie op die land is, moet nie omdraai na wat agter is om sy kleed weg te neem nie.

Mar 13:17 Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae!

Mar 13:18 En bid dat julle vlug nie in die winter mag plaasvind nie.

Mar 13:19 Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie.

Mar 13:20 En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort.

Mar 13:21 En as iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Kyk, daar! —moet dit nie glo nie.

Mar 13:22 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Mar 13:23 Maar julle moet op jul hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê.

Mar 13:24 Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie,

Mar 13:25 en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word.

Mar 13:26 En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid.

Mar 13:27 En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.

Skriflesing: Markus 13:14-27Teks: **Markus 13:14-18**Sing- **VOORAF- Ps. 84:1,6****TYDENS DIENS – Ps. 98:1,4; Ps. 125: 1,4,5; Ps. 116:1,5; Sb. 15-8 (44): 4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons beweeg vandag 'n baie moeilike gedeelte van die Profetiese Rede binne. Om na vandag te sê ons het hierdie Woord, hierdie Profetiese Woord van Christus in alles kon verstaan en saamvat en dat ons presies weet wat hier staan, sal verwaand wees. Ons eerste vashaakplek is wat word presies bedoel met wat ons lees van *die gruwel van verwoesting ... wat staan waar dit nie hoort nie*. Jesus noem dat ons ooreenkomstig die profesie van Daniel hierdie gruwel moet kan onderskei. Die gruwel is aan twee dinge verbind, aan die een kant sien ons, dit saai verwoesting en van die ander kant ... dit werk vanaf 'n plek waar dit nie hoort nie. Hiermee saam maak Jesus bekend moet nie teen hierdie gruwel probeer weerstand bied nie. Vlug, vlug onder alle omstandighede, want die gruwel sal 'n verdrukking tot gevolg hê wat die aarde nog nie geken het nie. Ons lees in vers 19- *19 Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie*. Ons opskrif by hierdie gedeelte dra nie verniet die naam, DIE GROOT VERDRUKKING!

Ons kan maklik in hierdie dae sê dat die Covid 19- virus dra sterk eienskappe van wat Jesus geprofeteer het. Ons het te doen met 'n virus wat werklik oor groot wêrelddele en op groot skaal groot verwoesting saai. Op 'n manier het dit vir ons 'n *gruwel van verwoesting* geword. Dit druk ons vas, iets van 'n verdrukking vind wel plaas. Direk hiermee saam hoe bied jy nou eintlik weerstand teen so 'n virus. Om in ons huise en so vêr as moontlik van die sosiale omgaan met baie mense, selfs van ander mede-gelowiges, weg te beweeg is iets van vlug, ons vlug na die berge kan dalk op 'n manier geïnterpreteer word as vlug julle huise binne ...

Ja en dat die virus werk waar ons nie sou wou hê dit staanplek moes kry, is ook op 'n manier waar. Dit werk vanaf plekke waar dit nie hoort nie, het Jesus geprofeteer. Dit het kerklike uitwerking verkry in die sin dat ons nie mag saamkom in wat wesentlik ons geloof raak nie. Ons bely van harte, ons het dit vanoggend ook weer bely, ek glo aan die gemeenskap van heiliges. 'n Rekenaar, die internet, 'n video-greep, 'n elektroniese klankbaan, hoe goed alles ook bedoel mag wees, dit kan nie werklik gemeenskap bewerk nie. Die gemeenskap wat die ware kerk is, is verbondenheid tot God en verbondenheid met mekaar. Dit impliseer ek wil die gemeenskap beleef, die kerk moet sigbaar kan word, ons wil bymekaar en met mekaar hierdie gemeenskap laat gebeur as ons na die eredienste toe kom, nou mag ons dit al vir weke nie doen nie. In die sin werk die virus waar dit nie hoort nie ... weereens iets van wat Jesus geprofeteer dat Hy die *gruwel van verwoesting sien staan waar dit nie hoort nie ...*

Geliefdes, dit wat ek dalk so maklik van toepassing maak, moet ons laat besef dit is maar een deel van wat ons beleef en deurgaan. Die Profetiese Rede in belang van wat Jesus verkondig, wil ek aanvaar dui op 'n nog baie groter verdrukking en dui op selfs nog meer swaarkry wat ons nie in alles met ons bedekte verstand en verkleinde woordeskat die omvang kan bepaal nie.

Ons besef Christus is Profeet as Hy hierdie Woord hier verkondig. En direk hiermee saam, profesieë het in sovele gevalle nie 'n eenmalige vervulling en dan is 'n profesie nou klaar vervul nie. As Jesus die profeet Daniel betrek, dan bedoel Jesus presies dit wat ons ook nou probeer sê, dat Daniël se profesie het al in vervulling gegaan, maar dit sal ook nog weer in vervulling gaan. Die verdrukking het alreeds plaasgevind maar dit sal ook nog weer kom en dan sal dit nog groter kan wees. Dieselfde rondom ons wat sal moet vlug; daar is al dikwels in die verlede in belang

van wat die ware geloof is, gevlug, maar dat daar ook nog weer gevlug sal moet word, sal ons ook vandag moet erken en bely.

Ek wil hierdie moeilike deel in Jesus se Profetiese Rede dan tot hierdie drie gedagtes probeer verwerk ... In die eerste plek, laat ons die meervoudige vervulling nie buite rekening laat nie. In die tweede plek daar is verdrukkinge wat groter en groter na ons kan aankom. In die laaste plek, daar is die tye wat ek sal moet vlug en nie mag afwyk of omkyk nie. Eerste dan -

Ons mag die meervoudige vervulling van Christus se profesie nie buite rekening laat nie:

As Jesus na die profeet Daniël verwys dan doen Jesus wat ons moet aangryp. Hy profeteer vanuit wat Daniël geprofeteer het maar waarom die laaste woord nog nie in vervulling gegaan het nie. Ons kan die lyn van verwoesting waarna Jesus terugverwys al in Daniël 8 vers 13 begin volg - *13 Toe hoor ek 'n heilige spreek; en 'n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur — van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid — sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word? Verder lees ons daarvan in hfst. 9 vers 17 - 17 Hoor dan nou, onse God, na die gebed van u kneg en na sy smekinge, en laat ter wille van die Here u aangesig skyn oor u heiligdom wat woes lê.* En dan gaan Daniel verder in hfst. 11 vers 31- 31 *En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel.* Ons hoor Daniël praat van 'n *ontsettende gruwel*, so direk in lyn met Jesus se profesie as Jesus praat van die *gruwel van verwoesting*. En lees ons ook Daniël 12, die laaste hoofstuk van Daniël, vers 11, dan loop die lyn van profesie nog weer verder: *11 En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderden-negentig dae verloop.* Weereens profeteer Daniël vir oulaas van 'n ontsettende gruwel wat opgerig sal word en daar word simbolies 'n tydsduur daaraan verbind.

Ons aanvaar waar Daniël honderde jare voor Christus al die profesie uitgespreek, rondom 600vC, tog het sy profesie rondom die *gruwel van verwoesting* sy eerste vervulling in 167vC verkry toe daar 'n beeld van Zeus in die tempel op die brandofferaltaar opgerig was. Voorwaar vir die Jode 'n gruwel van verwoesting wat plaasgevind het. Die Siriese Antiochus Epiphanes het hierdie gruwel aangerig, waarskynlik ook 'n beeld van homself in die tempel opgerig, daaglikse offers is tot niet gemaak. Selfs as daar geoffer is, is daar varke die tempel ingebring,

varke is geoffer, vir die Jood 'n verskriklike gruwel. Epifanus het spesifiek vir Zeus 'n vark op die heilige altaar geoffer. Die besnydenis mag ook nie meer plaasgevind het nie.

Die woord gruwel is in die Grieks 'n baie sterk woord – βδέλυγμα ... Dit lê in die veld van wat 'n sekere benadering teweegbring maar dit bring ook rou emosie na vore. Dit is verfoeilik en afskuwelik. Dit bring destabilisering.

Dit wat Daniël al geprofeteer het laat ons meer dinge raaksien wat ons in hierdie tyd ook verder moet verwerk. Daniël betrek die verwoeste heiligdom, m.a.w. die tempel, en hy betrek 'n voortdurende offer wat daar moes wees, nou is dit afgeskaf, ja daar vind verskriklike ontheiliging plaas. Tussen die baie verklarings wat oor eeue al baie spekulasie ook veroorsaak het, is die gruwel van verwoesting tog iets wat ons aandag direk moet trek.

In Mattheus sien ons dat die saak kerklik betrekking het. Mattheus skrywe dat die gruwel in die heiligdom staan, Markus skrywe dit staan *waar dit nie hoort nie*. As ons die Profetiese Rede in die verband in Lukas 21 vers 20 lees, dan kom daar nog 'n aspek by, nl. die staatsmag, dit wat met die politiek ook te make het. Ons lees dat Jesus sê - *20 En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is*. In hierdie verwagting sien Jesus hoe godsdiens en politiek mekaar gaan ontmoet. Die swaard van die Gees en die swaard van die vlees wat mekaar gaan kruis. Priester en soldaat wat ongesond naby mekaar kom.

Ons kan aanvaar Jesus het al hierdie dinge gesê omdat Hy geweet het, so het Hy dit geprofeteer, dat die politiek tussen die Jode en die Romeine sou nagenoeg die volgende 40-50 jaar van die verskriklikste en moeilikste fases deurgaen wat dit vir Christene eenvoudig net beter sal wees om te vlug. So erg dit sal baie dae voel, dis beter as ek eerder nie gebore was nie, my ma nie daar moes wees nie, in aansluiting by wat die groot verdrukking ook uitspel ... vv 17-19 ... *17 Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae! 18 En bid dat julle vlug nie in die winter mag plaasvind nie. 19 Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie*. Dit is juis in die groter verband wat Jesus sy mense van die weg waarsku ... Moet nie probeer weerstand bied nie, moet nie dink julle sal politieke enigiets kan terugwen nie, die wêreld sal op julle afkom. Vlug, vlug, vlug is wat die Here aanbeveel.

Nou kan ons maar al die regters en keisers, stadhouers en kurators, hoe hulle ook al genoem was naam op naam kort na Jesus se hemelvaart bekyk, van Pontius Pilatus weet ons al by Jesus se kruis, hoe maklik omkoopbaar hy was, al het hy 'n harde onbuigsame persoonlikheid gehad en hy die Jode gehaat het. Die geringste opstandigheid van die Jode het hy met brute geweld geantwoord, na Pilatus kom die kranksinnige Caligula. Van die Jode se kant het die Selote-beweging, 'n ekstremistiese Joodse groepering enige Romein gehaat in 'n vorm van rasse en volkshaat wat oorkook. Volgens die Selote is hulle steeds direk deur God regeer en mag geen Jood 'n heidense regering erken as 'n wettige owerheid nie. Onder de Selote het mense soos Theudas in 45 n.C. uitgekóm wat hom as die Messias voorgedoen het, heeltemal in lyn met Jesus se profesie. Die Selote het nog altyd 'n Messias verwag wat met aardse mag en geweld die Romeine sal onderwerp en die Jode tot oorwinning lei. Hy het homself ook die Josua van hulle tyd genoem wat die water van die Jordaan in twee sal kan deel. Die Romeinse stadhouer Fadus het egter van hom korte mette gemaak.

Na Caligula het Cumanus die Romeine aangevoer, na hom kom die misdadige Felix, 'n buitengewone swak en gemene regeerder, na Felix kom Festus, darem bietjie beter as Felix en na Felix kom Gessius Florus en hy het nie gehuiwer om hele dorpe en stede in Palestina te plunder nie. Hy wat selfs rowerbendes vrygelaat het om ongestoord hulle rowerye voort te sit, op voorwaarde dat hulle van hulle buit met hom moet deel. (Die Zuma-Gupta vergrype moet ons nie dink is 'n moderne verskynsel nie.)

Die finale uitbarsting waarvan Jesus daardie Dinsdag-middag geprofeteer het, nou al hier rondom 64nC het nou baie naby gekóm. Net 'n enkele politiese vonkie was nodig om die onverbiddelike stryd tussen die Romeine en die Jode te laat ontvlam. Gessius Florus gaan sover om met geweld geld uit die skatkis wat in die tempel was vir hom te neem. Die volksmassa van die Jode kook oor en hulle bestorm met siedende haat die naam van die keiser. Ja, toe is baie mans en vrouens en kinders gegeisel, gekruisig, gedeeltes van Jerusalem is verwoes. Die vyeboom weier om 'n sagter stam te verkry, die Jode word harder en harder.

Ons lees al hierdie verskriklike dinge, broeder en suster, ons lees hoe die vervulling van Jesus se profesie, al hoe meer vervul word. Dit wat Jesus daardie Dinsdag-middag *die groot verdrukking*

noem, *die gruwel van verwoesting* wat gaan plaasvind, dit wat gaan staan waar dit nie hoort nie. Ja, waar geen steen van die eens pragtige tempel meer die een op die ander gelaat sou word nie, alles verskriklik vir die Jood wat nou gebeur. Tog moet ons onthou, vir die Jood is die Romeine al meer haatlik, maar agter dit alles is God se hand en God se arm van oordeel. God straf hierdie volk, ja hulle wat Sy volk was, onverbiddelik en baie hard, straf God die volk wat sy Seun gekruisig het. Die volk wat aangehou het om sy Christus, ja ons Christus te verwerp. Die volk wat met groot bravade dit direk voor die kruis uitgeroep het, toe hulle by die verhoor van Jesus dit uitgeskree het – *Laat sy bloed kom op ons en op ons kinders ...* Nou gebeur dit, God se instrument is die Romeine, soos wat ons in die moderne tyd dit kan sê, 'n virus kan net soos 'n Romein 'n instrument in God se hand wees.

Die laaste aantal Romeinse stadhouers het nie gespeel nie, keiser Nero ingesluit, daar was geen gematigheid meer nie. Die opstandelinge onder die Jode was nou verre die meerderheid onder hulle volk, maar hulle meerderheid het hulle net nog meer brutaal gemaak om te dink hulle sou die Romeinse juk met geweld van hulle kon afgooi. In die tyd van Nero het hy 'n baie goeie leërmag gehad, aanvanklik onder leiding van Vespasianus, 'n man met baie gawes en sy bekwaamheid op militêre terrein was ongekend. Ja hy was instrumenteel in wat die Jode van hulle hardste slae ooit gegee het. Ja, al was Vespasianus nie meer die direkte aanvoerder toe daar in 70nC met Palestina en Jerusalem die grootste verwoestings nog ooit was nie, was sy seun Titus dit wel. Waar Vespasianus in 67nC met 60 000 uitgelese soldate die noorde van Galilea, ja naby Jesus se grootword wêreld as Kind, Palestina binnegeval het, was die vervulling van Jesus se profesie rondom die groot verdrukking weereens aan die orde. Vespasianus se seun Titus was aanvoerder toe van die laaste groot klippe in Jerusalem begin omval het, God se Seun, Jesus het waar gepraat, as ons dan maar weer net Markus 13 vers 2 profeties lees- *2 En Jesus antwoord en sê vir hom: Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!* As ons profeties-histories hierdie eerste gedagte kan afeindig, broeder en suster, kom ons sê dit vir mekaar waar Jesus se profesieë nie maar net eenduidige vervulling veronderstel nie, is ons tweede gedagte-

Daar is verdrukkinge wat groter en groter na ons gaan aankom:

Ons het nodig om hierdie punt ook eintlik vanuit die laaste boek van die Bybel, Openbaring ook na te gaan, wat ons nou nie vandag in besonderhede kan doen nie. Openbaring is in sy profesieë

van die ou apostel Johannes op die klip eiland Patmos, nie 'n boek om maar sommer gou deur te lees en daaruit allerhande voorspellings te maak en maklik-maklik wil ons nou 'n tydram trek en onself eintlik in die boek verplaas asof ons met toekoms voorspellings besig is nie. So asof ek weer as 'n toeskouer die dinge kan betrag maar ek nie deel daarvan sal wees nie. Onthou hoe Jesus sy apostels juis daarop wou wys ... hulle *tydvraag*, die vraag *wanneer sal die dinge wees ...* en hulle *tekenvraag*, wat sal die tekens wees, die tekens van die verwoesting van die tempel en die tekens van die verwoesting van die wêreld, wat hulle sommer op een lyn wou stel, het toe 'n heel ander antwoord en karakter verkry as wat hulle dit ooit kon dink.

Ons moet vandag besef, baie van die verskriklike dinge wat in Openbaring geprofeteer is, het natuurlik al plaasgevind, (selfs net in die 40 - 60 jaar na Christus na die hemel opgevaar het- ons eerste punt was baie daarmee besig) maar dit sal ook nog weer en nog weer, hoeveel keer weet ons nie, kan plaasvind, so min soos ons weet wanneer dit die laaste dag op hierdie aarde sal wees.

Dat die ware kerk wel in die geestelike woestyn gaan wees, dat Satan saam met die Antichris en die valse profeet, ja die dier uit die see en die dier uit die aarde, saam met Satan 'n al hoe groter drieheid op hierdie aarde gaan word. Ja, dat die dier uit die see wel dodelik gewond sal wees, die Woord en die bediening daarvan het hierdie wond toegedien, maar dat die dier gaan genees (Op 13 in aansluiting by Daniel 7 se eerste 7 verse ...) en dit verskrikking vir die ware kind van God insluit, is nie maar bogpraatjies soos wat daar nou in die tyd ook min tyd vir bogpraatjies mag wees.

Daar kom 'n tyd wat die antichris die kerk gaan oorneem, lees maar ook 2 Thessalonicense 2 en hoe hy in die tempel van God sal kan gaan sit en voorgee dat hy God is. Heeltyd moet ons besef, tussen kerke sal daar al fyner moet onderskei word. Ook in Afrikaner-geledere ... en in Afrikaanse geledere ... Artikel 28 en artikel 29 is nie verniet deel van ons kosbare belydenis in die Nederlandse Geloofsbelijdenis nie. Artikel 28 wat jou en my verplig dat ons deel moet vorm van 'n ware kerk en die ware kerk moet anders lyk as so baie soorte van kerke wat vandag kerk genoem word. Dis nie eers gedrogte van kerke nie, dis glad nie kerk nie, dis in kerke wat die gruwel van verwoesting in sy laaste vervulling die sterkte staanplek sal kry. Dan is predikante

baie keer eintlik 'n wolf in skaapsklere ... Openbaring waarsku ons ook teen sulke predikante en doktore ... en teoloë ... Onder andere Openbaring 13 vers 11- 11 *En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak ...* So direk in aansluiting by wat Jesus al in sy Bergpredikatie gesê het in Mattheus 7 vers 15- 15 *Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.*

Juis daar waar dit nie behoort nie, daar word dit die sterkste. As mense vir ons sê dat solank net *lieuwe Jesus* verkondig word, dink maar weer mooi. Ons moet vir lieuwe Jesus-praatjies in ons kerklike monderings en geledere al hoe meer versigtig wees, luister eerder na Hom, die werklike Profete, die gesalfde Messias, die ware Christus in die Profetiese Rede aan die woord, waar Hy die gruwel van verwoesting aankondig, wat ons ook nie van sal kan weghardloop nie en dit wel lyk dit 'n kerklike verwoesting gaan wees. Nou sê ek ons sal nie daarvan kan weghardloop nie, maar eintlik moet ek dit anders sê, wat in 'n ander sin, moet ek daarvan kan weghardloop. Ons laaste gedagte vandag -

Daar is die tye wat ek sal moet vlug en nie mag afwyk of omkyk nie:

So het Jesus ook hier sy viertal dissipels teen die hange van die berg daardie Dinsdag geantwoord. Veral Vv. 15-16: *laat hom wat lees, oplet — dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; 15 en wie op die dak is, moet nie afkom in die huis en ook nie ingaan om iets uit sy huis weg te neem nie; 16 en wie op die land is, moet nie omdraai na wat agter is om sy kleed weg te neem nie.* Ons word op geen manier in watter toegedraai nie, Jesus het dit ook nie met sy dissipels gedoen nie. Dis asof die Profetiese Rede vir hulle skok op skol bevat. Eers die verwoesting van hulle so kosbare tempel wat gaan gebeur, nou praat Jesus nog verby dit, asof dit nie al erg genoeg is nie, hierdie groot Verdrukking sal julle jasse moet opbind of los waar jy dit laaste gelos het en eerder net begin hardloop. Weg van dit alles wat vir julle verskriklik sal wees. Die platdakhuise het dikwels 'n bovertrek gehad maar die trap na bo was gewoonlik aan die buitekant van die gebou. Jesus sê daardie oomblik as jy moet hardloop, hardloop die veld in, na die berge toe, moet nie nog vanaf die trap vinnig wil afhardloop weer die huis in om jou laaste nodige kosbare te gryp nie. Ook hulle wat besig was om te ploeg en hulle oortollige klere daar langs die land op een van die hoeke gelaat het en nou moet jy vlug. Vergeet jou deel van klere wat nog daar lê, vlug is nou nie jou eerste prioriteit nie, maar jou enigste prioriteit.

Geliefdes, weereens dit wat Jesus as opdrag gee, ja 'n imperatief wat ons na moet luister as sulke verskriklike dae aanbreek; as die dae van die gruwel van verwoesting aanbreek, moet ek nie nog iets in die huis wil gaan kry of my klere wil gaan optel nie. Sulke dae en veral vroue, en ons kyk met groot oë daarna, kry hulle in sulke tye die swaarste, hoe moeilik dit vir 'n swanger vrou sal moet wees om te moet vlug en haar liggaam swaar is om te beweeg. Of sy het dalk nog 'n klein babatjie wat gesoog moet word en sy die kindjie moet saamdra.

Ja, ons kan nie anders as om Jesus in pastorale bewoënheid te aanskou as Hy oor hierdie verskriklike tyd profeteer nie. Sy hart is by die vroue wat dit nie maklik gaan hê nie. Oor die tempel in Jerusalem sal Jesus nooit weer na terugkeer nie en ook geen traan daarvoor stort nie, maar oor hierdie vroue is Jesus se gemoed vol. Dan as dit alles nog in die winter moet wees, hoeveel swaarder is dit dan nog. Ons besef Jesus kyk geen deel van ons menslikheid en ons bloot gesteldheid mis nie. Vir die Jood as so 'n vlugtog nog op 'n Sabbat moes val, dan is dit weer 'n ander kopseer. Hulle Sabbatte was mos met wette oorlaai, soos dat ek op die dag nie eintlik meer as kilometer beweeg nie.

Geliefdes, hierdie moeilike deel van die Profetiese Rede, in sekere opsigte 'n deel wat diep lê, dit wat ons beslis nie alles verstaan nie, wat ons dan vandag afsluit het met groot verwoesting, groot verdrukking maar ook met groot bewoënheid te doen, as Jesus met ons praat. Dis dinge wat in die geskiedenis al gebeur het, al baie keer, as ek maar net dink aan hoe iemand soos Paulus so dikwels aan die vlug-opdrag gehoor moes gee. Met Nero se regeer-tyd was dit verskriklik om Christen te wees, jy moes maar net vlug as jy kon ... Dit is geen teken van 'n swakkeling nie, intendeel, dit het Paulus elke keer net nog weer sterker anderkant laat uitkom.

In daardie tyd van die verskriklike vervolging van die Christene, ja mense van die weg soos hulle genoem was, as hulle nie gedwing was om te vlug nie, het die Woord nie so vinnig versprei nie. God gebruik hierdie swaar dinge ook in die weg van sy volmaaktheid, al voel ek dan juis op daardie oomblikke so onvolmaak. Ons het in alles te make met die God wat met 'n kromhout reguit hou kan slaan. Onthou God se groot fokus, ook Markus 13 vers 10, dit juis in Sy Profetiese Rede: *10 En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.*

In die tyd wat ons op 'n manier van 'n virus moet vlug, ons gruwel van verwoesting in hierdie dae, het God in 'n baie kort tyd my weer 'n paar dinge laat besef. Ek noem dit maar net, so lank kan ons oor elkeen praat. Ons sien die werklike kwesbaarheid van die mens, ons sien werklik die geloofwaardigheid van God se Woord, ook Sy profetiese Woord, ons sien die onvoorspelbaarheid van die lewe, wie het Januarie 2020 kon dink, April 2020 sou só lyk, ons sien hoe nodig hoop is, hoe 'n skaarste die wêreld daarvan het, as hulle groot hoop, ja as die ekonomie onder hulle wegkalwe ... ons sien die genoegsaamheid van Christus se voorbeeld, sy woorde, sy werke en sy verlossing, alles genoegsaam. Ons mag en moet Hom werklik navolg. As ons sien hoe kwesbaar ons is, hoe 'n groot noodsaak is ons verlossing nie. Alles dinge wat in die tyd van ons verdrukking, hoe groot dit nog gaan word, weet ek nie nou nie, volgende week is dit dalk heel anders, maar hierdie ses dinge nou genoem sal ongeag die tyd van verdrukking my laat besef, die moue moet opgerol word, want God se môre begin vandag. Vandag kan al 'n nuwe begin wees. Wie volhard tot die einde toe sal gered word. Of soos Lukas, die geneesheer, Jesus se woorde onthou- die Heilige Gees sê dit- *Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry ...* (Luk. 21:19).

AMEN